

16 Desember

Ons lewensanker

Skrifgedeelte: Hebreërs 6:13-20

Fokusgedeelte: Hebreërs 6:19

In ons bootjie op die stormsee van die lewe het ons hoop nodig wat in vaste grond geanker is. Ons hoop is ons anker.

Mense op 'n boot vertrou eintlik op die grond onder die anker. So vertrou ek en jy nie op ons hoop nie, maar op die grond vir ons hoop: God se vaste beloftes wat Hy met 'n eed bevestig het. Ons hoop is dat God sy woord sal hou.

In die Ou Testament het die voorhangsel die heilige en die allerheiligste van die tempel van mekaar geskei. Die hoëpriester het net een maal per jaar in die allerheiligste ingegaan om in die teenwoordigheid van God vir die sondes van die volk boete te doen. Jesus Christus, vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, het met sy kruisdood as volmaakte offer agter die voorhangsel vir al ons sonde versoening gedoen. Hy pleit ook sedert sy hemelvaart deurentyd voor die genadetroon vir ons (Rom 8:34).

Soos Abraham moet ons ook geduldig wag om te kry wat God beloof het. Vir die vervulling van sommige beloftes sal ons moet wag totdat ons Here Jesus Christus weer kom. Intussen laat ons nie ons hoopanker in die diepte sak nie. Ons stuur dit op – na die hemel toe, waar Christus is – Hy wat ons met God versoen het en vir ons pleit. Danksy Hom staan ons hoop vas. Ons sal verseker beleef: die Here hou woord!

Sing: Psalm 33:5, 6 (1936)

Ds. Johan Jordaan (Kimberley)